Gewortel en gegrond in die liefde

In die Fokustyd waarmee Die Bult gemeente besig is, fokus ons vandag op Ef 3:17b-19:

"Ek bid dat julle, wat in die liefde gewortel en gegrond is, instaat sal wees om saam met al die gelowiges te begryp hoe wyd en ver en hoog en diep die liefde van Christus strek. Mag julle sy liefde ken, liefde wat ons verstand te bowe gaan..."

Wat my veral gryp, is hoe die gelowiges in hierdie gebed beskryf word: dié "***wat in die liefde gewortel en gegrond is"***

En nou kan ons teruggaan in Efesiërs om te verstaan wat dit beteken, as die Here sê 'n gelowige ***is gewortel en gegrond in die liefde***: dit beteken volgens Ef 1:4 dat ***God ons nog voordat die wêreld geskep is, in Christus uitverkies het om heilig en onberispelik voor Hom te wees***. Ef 1:11 sê verder dat ons ***deur Christus deel geword het van die volk van God***. v.13 sê dat ons ***in Christus deur die Heilige Gees beseël is as die eiendom van God***. In Ef 2 word gesê dat 'n gelowige iemand is ***wat dood was, maar nou deur die genade van Christus lewend gemaak is***; ***ons is deel van 'n nuwe mensheid*** waar dit nie saak maak van watter volk jy afkomstig is nie, want ***die vrede van Christus bind ons almal saam in***, wat Ef 2:22 noem, ***die geestelike huis van God***.

Dis die gevolg van God se liefde – en eintlik moet ons Efesiërs 1-3 met 'n fyn kammetjie gaan deur kam, want daar word nog baie meer gesê oor die invloed van God se liefde op ons en op die hele skepping – en dit word alles saam gevat in hoe ons beskryf word in Ef 3:17 "***julle is gewortel en gegrond in die liefde***." Dis wie ons is, as gelowiges: ons is die mense wat ingeplant en vasgebou is in die liefde – so dit maak sin dat ons uit hierdie liefde sal leef. Ons kan mos nie ingeplant wees in die liefde, en dan groei daar iets anders as liefde uit nie?!

Eintlik behoort dit vir ons onmoontlik te wees om nie uit die liefde te leef nie – en tog is dit iets waarmee ons sukkel. Dis of ons aandag elke keer afgetrek word van die liefde af, en dan raak ons besig met ander dinge. Dis iets waarmee selfs die gelowiges in die NT tyd gesukkel het.

In 1 Kor 12 is die apostel Paulus besig om met die gelowiges in Korinte te praat oor die verskeidenheid van geestelike gawes in die gemeente – en hy skiet nie die gawes af as iets wat gelowiges nie moet doen nie, hy sê in 12:31 "***Lê julle toe op die beste genadegawes***" maar dan is dit amper asof hy homself onderbreek as hy in 13:1 sê: "***Nou wys ek julle wat nog die allerbeste is***" – daar is een gawes wat groter en beter is al die gawes, een gawe waar sonder al die ander gawes waardeloos word – en dis die liefde.

#skyfie#skyfie

Geen ruimte vir selfgesentreerdheid

In hierdie liefde is daar geen ruimte vir selfgesentreerdheid nie. So selfs al het ek die wonderlikste gawes, maar ek is nie besig om daardie gawes te gebruik om my liefde vir God en my naaste prakties uit te leef nie – dan het daardie gawes geen waarde nie. Om in 'n vreemde- of ongewone taal te kan praat, of om profesieë te kan maak of om baie kennis te hê, of selfs 'n diep geloof is waardeloos sonder die liefde. Selfs vrygewigheid en selfopoffering sonder liefde is waardeloos – v. 3 sê "***dit baat my niks***."

En eintlik maak dit baie sin dat al hierdie gawes waardeloos is sonder die liefde – want vir die gelowige is liefde nie in die eerste plek iets ek moet soek om in die hande te kry nie. Die evangelie – die goeie nuus van verlossing in en deur Jesus Christus – is juis dat die Christus, wat in Titus 3:4 ***die liefde van God*** genoem word, aarde toe gekom het om my en jou te kom vind. So ons hoef nie liefde te vind nie, liefde het ons gevind.

Met die gevolg dat elkeen wat glo in ons Here Jesus verlos is daarvan om liefde te probeer verdien. So eintlik maak dit nie saak of ek in vreemde tale kan praat of nie, wat saak maak is of ek in die liefde gewortel en gegrond is – en as ek nie in die liefde ingeplant is nie, wel dan gaan geen hoeveelheid vreemde woorde of klanke help om my in die liefde in te kry nie. Selfs geloof sonder liefde is waardeloos. Want geen mens kan enige iets doen om die liefde van die Here verdien nie – dis 'n gawe wat Hy uit genade alleen skenk.

Wanneer ons die liefde van God ontvang – dws wanneer ons in die liefde gewortel en gegrond word, word ons losgebreek uit ons selfgesentreerdheid. Dis dan eers wat ons kan verstaan dat die Here al die gawes van die Gees gee, sodat ons Hom en ons medemens kan dien.

Dink maar aan Simon, die towenaar van Samaria: ons lees in Handelinge 8 dat toe hy sien hoe mense die Heilige Gees ontvang deur die werk van die apostels, het hy gevra of hy ook die vermoë kan kry om hierdie wonder te kan doen. Simon het besef dat as hy die vermoë het om sy hande op mense te lê, en dan ontvang hulle die Heilige Gees sal hy 'n belangrike mens wees. Dit sou weer wees soos voor hy tot bekering gekom het, en die mense van Samaria na hom toe gestroom het om sy towerkuns te kan sien. Maar dan antwoord Petrus hom(Hand 8:21) en sê: "***In hierdie werk is daar vir jou geen plek nie, want jou hart is nie reg voor God nie.***"

Liefde soos wat Jesus liefgehad het

In sy wese is die liefde iets wat uitkyk na God en ons naaste toe. Paulus beskryf die liefde hier in v. 4-7 soos wat 'n mens 'n persoon sou beskryf – die liefde is iemand. As ons Kol 2 toe gaan, word daar in v. 7 ook gesê dat die gelowiges gewortel en gegrond is, maar dan staan daar nie dat ons gewortel en gegrond is in die liefde nie – Kol 2:7 sê ons is gewortel en gegrond in Christus.

#skyfie#skyfie

As ons wil weet wat en hoe die liefde van God is – dan moet ons na ons Here Jesus kyk. Daarom kan ons eintlik hier in v. 4-7 elke keer die woord "liefde" vervang met die Naam van ons Here Jesus. Want wat hier beskryf word, is presies wat Christus moes gedoen het om ons in Hom – of in die liefde van God – in te plant.

"Ons Here Jesus is geduldig, ***Hy*** is vriendelik; ***Hy*** is nie afgunstig nie, ***Hy*** is nie grootpraterig nie, ***Hy*** is nie verwaand nie.

Hy handel nie onwelvoeglik nie, soek nie sy eie belang nie, ***Hy*** is nie liggeraak nie, ***Hy*** hou nie boek van die kwaad nie.

Hy verbly hom nie oor onreg nie, maar verheug hom oor die waarheid.

Ons Here Jesus bedek alles, glo alles, hoop alles, verdra alles."

Die liefde soos wat ons Here Jesus dit aan ons kom bewys het bring herstel en nuutmaking – dit bring lewe waar daar dood was. As ons dink aan die Efesiër-brief, dan beteken die liefde van God, dat Hy ons deur Christus saamgeroep het uit alle volke en tale om deel te wees van die huisgesin van God. In en deur die liefde van God sê Ef. 1:10 is ons verenig onder Christus as ons Hoof.

Daarom kan ons nie hier in 1 Kor 13 maar net stop by hoe lief ons Here Jesus ons het nie. Ons kan nie net sy Naam hier invul, end an sê: "Sjoe, dis mooi!" en dan gaan ons maar net aan met ons lewens nie.

In die opbou van die Korintiër-brief is die Here hier besig om vir gelowiges te verduidelik hoe hulle kerk moet wees – dit gaan oor hoe ons in praktiese dade ons verhouding met God en mekaar sal uitleef. So ja, die fokus is op God se liefde vir ons, maar as ons ernstig is oor die feit dat Hy sê dat ons verenig is met CHristus – dat Christus ons hoof is en ons is sy liggaam – dan sal ons liefde begin om te lyk soos sy liefde.

#skyfie#skyfie

God se liefde wek liefde in ons

So eintlik, behoort ons ons eie name hier in v. 4-7 in te vul. Dis immers hoekom ons hemelse Vader sy liefde aan ons bewys het. Hy het sy liefde gegee, sodat ons uit sy liefde kan leef – dis al hoe ons Hom kan verheerlik; dis al hoe mekaar werklik kan dien en versorg.

Wees daarom geduldig – wees iemand wat eerder die seerkry en die swaarkry wat ander mense veroorsaak verduur, as om hulle aan te val, en met mag en krag hulle te probeer regruk. Dink maar hoeveel geduld het mense met babatjies wat besig is om te leer om self te eet: aanvanklik is dit regtig 'n gemors – kos orals: op hulle hande en op hulle gesiggies, en op hulle klere en op die vloer – soms kom tot kos in hulle monde. Maar dis ok, want hulle besig om te leer. Jy kan selfs sien hoe daai kleintjie dit geniet dat hy/sy iets nuuts begin regkry. Dis eintlik snaaks: daar is kos orals, en dan is daar 'n pappa en mamma wat handeklap en sê: "Baie mooi!"

Ek dink dis die tipe geduld wat uit die liefde kom. Dis geduld waarmee ons vir mekaar die veilige ruimte gee om te groei in hoe ons ons Here Jesus volg.

Hierdie geduld loop saam met vriendelikheid – in Engels word dit ***kindness*** genoem. Ons word geroep om mense te wees, wat nie geleenthede aangryp om vir mense goed te wees nie, maar om mense te wees wat sulke geleenthede gaan soek. Verlede het my hond my bederf deur vir my weg te hardloop daar van die Astrohokkiebane af tot hier by die Konservatorium. Daar stop toe ‘n ou by my om my te help om vir liewe Koedoe te vang – en toe gaan laai hy ons by die huis af(ek laai nie eers my hond in my eie kar nie!?) Vriendelikheid – gaafheid – wat plekke en geleenthede soek om ander te help.

Hieruit vloei al die ander eienskappe van die liefde: “***dit is nie afgunstig nie, is nie grootpraterig nie, is nie verwaand nie. Dit handel nie onwelvoeglik nie, soek nie sy eie belang nie, is nie liggeraak nie, hou nie boek van die kwaad nie. Dit verbly hom nie oor onreg nie, maar verheug hom oor die waarheid. Dit bedek alles, glo alles, hoop alles, verdra alles***.”

Soms laat ons dit klink asof liefde sag en naïef is, asof liefde net gaan oor ons emosies – en daarom leef ons soms so asof die liefde van die Here niks kan verander nie.

Maar in hierdie lied oor die liefde word dit duidelik dat daar niks beter is as die liefde nie. God self is liefde. So wanneer Hy ons roep om te lewe as mense wat gewortel en gegrond is in die liefde – dan roep Hy ons om uit Hom uit te lewe.

Vandag sien ons nog min van hierdie liefde – baie keer word ons as gelowiges juis beskuldig dat ons liefdeloos is in ons denke en optrede. En daarom is dit vir my spesiaal dat ons nou juis in die lente – en by hierdie lentesangdiens – kom by die liefde van die Here. Eers was alles dood, en skielik begin daar oral nuwe lewe uitloop en oor ‘n maand van nou af, sal ons nie kan dink dat alles dood was nie.

Mag die Here tog gee, dat ons ook so sal groei in hoe ons uit die liefde van God leef – sodat ons na mekaar kan kyk, en dat die wêreld na ons kan kyk – en verstom staan oor die feit dat ons lewe vanuit die liefde waarin ons gewortel en gegrond is.

Amen.